Beeld 2006/10/2 p10

# Frank moet Vlok se voete nou was

## Swart mense moet besef almal is tot selfde euwels in staat



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Adriaan Vlok het Suid-Afrikaners in 'n dilemma geplaas.

Kyk 'n bietjie na die akteurs in dié ongelooflike toneel.

Aan die een kant staan 'n man wat tydens sy verskriklike bewind as minister van polisie vir swart mense die euwels van apartheid gesimboliseer het. Ek onthou alte goed dié sêding van my leerlinge op die Kaapse Vlaktes: "Vlok-off!"

Aan die ander kant staan 'n man wie vir dieselfde mense weerstand teen apartheid gesimboliseer het, naamlik die minsame eerw. Frank Chikane. Hier is die situasie: Vlok nader Chikane om vergifnis en die swart predikant stem in dat die voormalige wit minister van polisie sy voete mag was.

En bars alle hel by wyse van spreke los.

Vlok moes geweet het hy sou sowel swart as wit woede ontketen.

Vir talle wit mense was sy optrede onnodig. Waarom nogeens flikflooi by swart nasionaliste wat wit mense se lewens sedert 1994 miserabel maak? was die gevoel onder verskeie Afrikaanse lesers.

Vir talle swart mense was Vlok se daad onaanvaarbaar.

'n Geval van te min, te laat.

In die Engelse pers was dit oop seisoen op die arme man. Waarom juis nou? Is hy siek? Waarom Chikane? Waarom in die openbaar?

Wat kry hy hieruit?

Wat van ander slagoffers?

"Neem kennis," het 'n Engelse sinikus in een koerant gegloei, "dat hy homself in die posisie van die Bybelse prostituut plaas!"

Een van die boeiendste oomblikke tydens die talle debatte rondom die WVK het tydens 'n konferensie in Kaapstad opgeduik toe twee merkwaardige intellektuele oor die onderwerp waarheid en versoening beraadslaag het.

Alex Boraine het 'n briljante konseptuele ontleding gelewer van die soorte waarhede wat erken behoort te word om die moontlikhede van versoening te kan insien.

Toe stel die Ugandese akademikus, prof. Mahmood Mamdani, 'n eenvoudige vraag wat die konferensie totaal en al ontwrig het: "Wat", wou hy weet, "as die waarheid moreel onaanvaarbaar is?"

En dit is presies die dilemma waarvoor (waarin?) Vlok ons almal gestel het.

Dit is onmoontlik om Vlok se dade buite-om die Christelike etiek te verstaan (laat staan nog aanvaar!). In die evangeliese etiek is belydenis 'n openbare aangeleentheid. Dit is 'n etiek wat Chikane verstaan – een wat verklaar waarom hy Vlok se belydenis aanvaar en in die openbaar vergifnis aangebied het.

Ek kan my kwalik 'n kragtiger simboliek voorstel wat potensieel sou kon bydra tot heling van die rassekwessie in ons land, maar dit sal nie gebeur nie.

Dit sal nie gebeur nie, want swart Suid-Afrikaners is steeds woedend oor onteiening, vernedering en verlies.

Wanneer Ntsebesa, 'n voormalige WVK-kommissaris, teen Vlok uitvaar, weet hy dat hy namens talle ander praat; slagoffers vir wie 'n openbare figuur soos Vlok se soeke na vergifnis nooit goed genoeg sal wees nie. En dit is wat Vlok se dade in die openbaar gedwing het: dat ons steeds kwaad is oor die verlede en dat ons woede, nie die waarheid nie, in die pad staan van versoening.

Ek sal nooit diegene veroordeel wat ontstoke is oor apartheid nie, maar ek reken dat om in sulke woede vas te steek ernstige gevolge inhou vir ons toekoms.

Om uit hierdie posisie te ontsnap, sal ons Vlok se dade op 'n ander manier moet probeer verstaan.

Ons as swart mense haak vas omrede ons onbekwaamheid om sowel wit mense se pyn as hul patologieë raak te sien.

Dit is ons onvermoë om die onvolmaaktheid te verstaan van diegene wat sukkel om die euwels van die verlede te oorkom.

En die oorsprong hiervan is ons onvermoë om twee ontstellende werklikhede te begryp: dat geeneen van ons onherstelbaar verlore is nie, asook dat almal van ons in staat is tot dieselfde euwels.

Ek aanvaar Vlok se berou, want dit maak ons albei vry. My menslikheid word geroer wanneer 'n apartheid-moordenaar op sy knieë neerval en om vergifnis smeek.

Ja, dit kom onbeholpe oor; ja, dit gebeur baie laat in die dag; en ja, hy behoort baie meer te onthul.

Ek meen ons kollektiewe nasionale psige sal die uiterste toets slaag wanneer Frank Chikane op sy knieë neerval en Adriaan Vlok se voete in 'n gebaar van wederkerigheid was.

Só 'n gebaar van menslikheid blyk egter op die oomblik buite die bereik van die meeste Suid-Afrikaners te val.

■ *Godsdiens-Aktueel sal Maandag weer soos gebruiklik verskyn.*